



## VAKATURE: MUSIEKLEIER OGGENDDIENSTE

### VEREISTES VIR DIE POS:

- Bekwame musikant met voldoende vaardighede en ervaring vir die begeleiding van lofpysing en aanbidding;
- Vokale en instrumentale leiding tydens oefeninge en eredienste;
- Gemaklik met bekende gemeenteliedere (klassieke styl) sowel as die aanleer van nuwe liedere in kontemporêre style;
- Noue samewerking met die erediensbediening en ander musiekleiers;
- Bevordering van inter-generatiewe aanbidding;
- Verwerking en transponering van musiekstukke vir orkeslede;
- Die ontwikkeling van die musikale talente van medewerkers;
- Goeie menseverhoudinge en die vermoë om in spanverband te werk;
- Meelewende lidmaat van Lux Mundi Gemeente met eienaarskap van die Gemeente se Visie en Fokusareas.

### AANSOEKE :

- Stuur 'n aansoek met volledige CV, Kontakbesonderhede en 3 Referente;
- Kortlys-Kandidate sal gevra word om op te tree by die Gemeente.
- Rig aansoeke aan: [erediens@luxmundi.org.za](mailto:erediens@luxmundi.org.za)

**VERGOEDING** : Beskikbaar op aanvraag

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE** : Vrydag 28 Maart 2018

**NAVRAE** : Fires van Vuuren (Bedryfsbestuurder) - (012) 998-8801

Die Gemeenteraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

**VAKATURE: ADMINISTRATIEWE PERSONEEL**  
**Bedieningskoördineerder**

**POSBESKRYWING:**

Die Bedieningskoördineerder is verantwoordelik vir die ondersteuning van die Kleuter, Kinder en Jeugbediening rondom administratiewe take asook persoonlike en bedienings ondersteuning aan die leraar en kinderwerker.

**PROFIEL:**

Die persoon moet 'n lewende verhouding met die Here hê en bereid wees om as lidmaat by die gemeente in te skakel indien hy/sy nie reeds 'n lidmaat is nie. Baie goeie menseverhoudings is belangrik en die persoon moet in spanverband kan funksioneer. Verder moet die persoon oor goeie organisatoriese en kreatiewe vermoëns beskik en rekenaarvaardighede is 'n absolute voorvereiste.

**VERGOEDING & WERKSURE**

Vergoedingspakket is op aanvraag beskikbaar. Dit is 'n 5/8 pos met verpligtinge vir 'n maksimum van 16 aande per jaar. Indien ekstra werksure gedurende die kwartaal gedoen word kan dit teen skool vakansies afgeskryf word en bied dit dus die moontlikheid om grotendeels nie tydens skoolvakansies te werk nie. Die posbeker moet op 'n rotasiebasis saam met die ander Bedieningskoördineerders diens by die Inligtingstonbank op Sondag doen.

**AANSOEKE :**

Vra asseblief 'n volledige posbeskrywing aan by Fires van Vuuren.

CV's en persoonlike besonderhede moet gestuur word aan:

Fires van Vuuren, Posbus 38236, Garsfontein-Oos, 0060

E-pos: [besprekings@luxmundi.org.za](mailto:besprekings@luxmundi.org.za) of faks aan: (012) 993 0093

- Kandidate wat die kortlys haal moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud op 14 of 15 Maart 2018.
- Daar kan van kortlys kandidate verwag word om die LEMON persoonlikheidstoets te doen.
- Die verkose kandidaat moet beskikbaar wees vir minstens 1 week indiensopleiding saam met die huidige koördineerder.

**POSAANVAARDING:** 16 April 2018 of so spoedig moontlik daarna

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE:** 12 Maart 2018 om 09:00

**NAVRAE:** Sebastiaan van Dyk by 079 499 8790 of Fires van Vuuren  
by 012 998 8801

Die Gemeenteraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.